# Lantern

Januarie 2020



Ou bekende in amp bevestig



Jaar van die Bybel

## Trou is nie perde koop nie...

Op 5 Januarie 2020 is Henry en Stienie Joubert tydens die erediens in die huwelik bevestig.
Ons wens die nuwe egpaar baie jare se gelukkige, gesonde jare saam toe!







# Jaar van die Bybel:

## Vier dit saam met die Bybelgenootskap

In 2020 vier die Bybelgenootskap van Suid Afrika sy 200ste bestaansjaar. Ons herdenk 200 jaar van Bybelwerk in Suid Afrika – twee eeue waartydens bekostigbare Bybels vir elkeen in hul eie taal en in verskillende formate.

**BERGSIG GAAN BETROKKE WEES OP DIE VOLGENDE 3 MANIERE:**

- **BYBELLEESROOSTER**
  - Elke week by die deur is daar ‘n Bybelleesrooster vir die week beskikbaar. So lees Bergsig saam met talle medegelowiges, en die Bybelgenootskap, die Bybel in 2020

- **BYBELGENOOTSKAP – 2 000 000 BYBELS**
  - Die Bybelgenootskap wil in 2020 sowat 2 000 000 Bybels versprei, maar op ‘n besonderse manier: ‘n BYBEL + BYBELGEBASEERDE GELETTERHEIDSBOEKIE VIR GRONDSLAGFASE = R100
  - Metode van Bergsig se deelname: KOEVERT (by deure beskikbaar) met R100. U het geleentheid om tot einde Oktober so ‘n R100 donasie te skenk aan die Bybelgenootskap. Dit is VRYWILLIG. DIT MAG NIE VAN U OFFERGAWE VERHAAL WORD NIE, ASB.
  - ONS DOEL: 1 BYBEL PER LIDMAAT = 330

- **BYBELVERSPREIDING - 25 OKTOBER 2020**
  - OP 25 OKTOBER 2020 KOM DIE MUNTLEGGINGPROJEK TEN EINDE. U GAAN ‘N BOTTELTJIE ONTVANG WAARIN ‘N R5-00 NETJIES PAS, 20 VAN HULLE. DIT IS DIE NORMALE BYDRA VIR BYBELVERSPREIDING – OOK VRYWILLIG !
  - ONS DOELWIT: R5-00 X 20 = R100 PER BELYDENDE LIDMAAT. (TOT EINDE OKTOBER 2020)

DS.F.NORTJE

# Ou bekende in die amp bevestig

Baie van ons is nog bekend met Dawie Rottenveel, die orrelis met die formidabele stem wat Bergsig hier rondom 2014 as waarnemende orrelis bedien het. Sy werk in ons gemeente is kortgeknip nadat ‘n brein-aneurisme by hom gediagnoseer is.

Wonderbaarlik kon Dawie in 2015 sy studies in teologie weer hervat en is hy op Sondag 19 Januarie 2020 in die amp bevestig by die NG gemeente Pretoria Tuine. gedurende die geleentheid kon hy die toga wat hy van sy pa geërf het dra en is hy die hande opgelê deur al die teenwoordige predikante.

Ons deel in ds Rottenveel se vreugde en bid dat die Here hom sal seën met volgehoue gesondheid en ywer om sy roeping te kan gehoorsaam.





